



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Lettie luister 'n liedjie deur Anna Emm

Lettie werk by die Smitte. Vanoggend het sy die vensters gewas en die skottelgoed weggepak. Nou het sy haar oorfone op haar ore gesit sodat sy 'n liedjie kan luister terwyl sy die mat op die stoep stofsuiig. Lettie is baie lief vir musiek.

"Lettie!" roep Meneer Smit toe hy met sy swaar tas by die deur uitkom. "Kom help gou vir my met die tas!"

Maar Lettie luister 'n liedjie. Dit lyk nie of sy vir Meneer Smit hoor roep nie, en hy moet maar alleen sukkel om die swaar tas in die kar te kry.

"Lettie!" roep Mevrou Smit uit die kombuis. Haar telefoon lui, maar haar hande is vol konfyt omdat sy nou net haar konfytbroodjie gesmeer het. "Ag, Lettie, kom help gou met die foon!"

Maar Lettie luister 'n liedjie. Dit lyk nie of sy vir Mevrou Smit hoor roep nie, en Mevrou Smit moet maar self sukkel om die konfyt van haar hande af te kry sodat sy haar foon kan antwoord.

"Lettie, kom gou hier!" roep klein Lindie Smit uit die kamer. Sy kan nie haar truitjie bo in die kas bykom nie. "Kom haal my truitjie uit, Lettie!"

Maar Lettie luister 'n liedjie. Dit lyk nie of sy vir Lindie Smit hoor roep in die kamer nie. Nou moet die dogtertjie maar 'n stoel gaan haal en bo-op klim sodat sy haar trui self kan bykom.

Die baba begin huil in sy karretjie. Hy het wakker geword en nou soek hy sy bottel.

"Lettie!" roep Meneer Smit en Mevrou Smit en Lindie Smit gelyk. "Die baba huil!"

Maar Lettie luister 'n liedjie. Dit lyk nie of sy die baba hoor huil nie. Dit lyk nie of sy die mense hoor roep nie. Mevrou Smit hardloop om die baba te gaan optel en Meneer Smit bring die baba se bottel vir hom. Klein Lindie kom ook nader om te help. Toe die baba sy bottel drink, kyk almal deur die venster. Hulle sien vir Lettie op die stoep stofsuiig. Lettie is naby die rant van die stoep, maar sy sien dit nie. Sy loop stadig agteruit. Sy luister 'n liedjie.

"Lettie!" roep almal. "Pasop, jy gaan val!"

Lettie skakel die stofsuiër af. Sy haal haar oorfone van haar ore af. Sy kyk om en sy sien die trappie. Sy lag en sy waai vir die Smitte by die venster.

"Dankie dat julle my betyds geroep het!" sê sy. "Anders het ek mos nou geval!"

**Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

Gratis inkleurprentjie:

# Lettie luister 'n liedjie illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)